

Sondag 19 November

Skrifgedeelte: Lukas 12:13-21

Fokusgedeelte: Lukas 12:15

In Christus is die mens vir ewig ryk

Gierigheid distansieer die mens van God. Die Heidelbergse Kategismus stel in Sondag 32, in aansluiting met Skrifgedeeltes uit 1 Korintiërs 6:9-10 en Efesiërs 5:5-6 dat die gierigaard nie die koninkryk van God sal beërwe nie. Deur sonder God te lewe, sluit die mens homself uit die koninkryk van Jesus Christus. In hierdie gedeelte wil Jesus dit aan ons tuisbring deur die gelykenis van die ryk dwaas. Gierigheid beteken om meer te wil hê as wat ek reeds het. Dit is ook die probleem waaroor die broers stry in Lukas 12:13. Hulle wil hê Jesus moet 'n uitspraak maak oor die erfposisie. Die Here behandel egter nie simptome nie. Hy weet wat sit agter die vraag: hebsug, gierigheid. As Jesus die gelykenis van die ryk dwaas vertel, dan begin Hy deur te sê dat die ryk man se grond – let wel, sy grond – het goed gedra. Geen boer kan sonder baie inspanning 'n oes inbring nie. Elke boer weet egter ook dat as die grond en die weer nie die oes lewer nie, is daar niks wat jy as boer daaraan kan doen nie, dit is God wat voorsien. Sy ongeduld met sy huidige omstandighede is duidelik in Lukas 12:17-19 wanneer die man by homself dink (asof daar nie 'n God is tot Wie hy kan bid nie) om sy oes op te gaar en sy skure af te breek en groter te bou, want hy verwag dat hy reuse oeste gaan oplewer. Gierigheid is 'n baie subtiële monster. Dit het 'n geheimsinnige mag en krag, dit maak jou blind vir dit wat ewigheidswaarde het. Vir Jesus is die reg of verkeerd, billik of on-billik, belangrik, maar dis vir Jesus nog belangriker dat ons ons harte sal bewaar van gierigheid. Jy kan immers die hele wêreld as wins verkry, maar nog steeds jou lewe verloor. Die ryk dwaas het toe nooit sy besittings verloor nie, maar wel sy lewe (Luk. 12:20, met soortgelyke gedagte in Ps. 49:19-21). Die mentaliteit van besit, meer geld, meer sekuriteit, groter huise, meer grond en beter geleenthede, het mense se leef- en denkwêreld begin oorheers. Dit mag edel klink om al hierdie dinge te kan hê, maar dit kan ook siek word. God is altyd die belangrikste. Hy voorsien in dit wat jy nodig het, sy belangrikste voorsiening was Jesus Christus, in Hom is die mens vir ewig ryk.

Sing: Psalm 34:1, 7

Dr. FG (Frans) Minnie (Pastorale Berader, Cachet)